Geregistreer aan die H.P.K. as 'n Nuusblad.

*In die partypolitiek is die Jood wat reg stem nader as die Afrikaner wat verkeerd stem.*

# Die O.B.

*In die Ossewabrandwag is die Afrikaner wat verkeerd stem nader as die Jood wat reg stem.*

TWEEDE JAARGANG. WOENSDAG, 31 MAART 1943. No. 19.

## Empire-Blad Nooi Dr. Malan tot Samewerking teen O.B. Uit

### Reaksie op K.G. se Verkiesingsaanbod

**In sy uitgawe van 20 Maart doen The Cape Times 'n beroep op dr. Malan om nie die aanbod tot samewerking van die Ossewabrandwag aan te neem nie, en prys die blad die H.N.P. omdat hy totsover geen notisie geneem het van die Ossewabrandwag se pogings om samewerking te bewerkstellig nie.**

Die blad handel oor dr. Van Rensburg se toespraak te Stellenbosch waar hy 'n beroep op die drie politieke leiers gedoen het om mekaar voor die verkiesing te vind met die aanbod van O.B.-steun indien 'n verenigde front gevorm kan word. Hy verklaar:

„Die Malaniete — dit moet hulle tot eer nagegee word — het tot sover die lawwe gebare geïgnoreer van hierdie belaglike manne wat hulle verbeel dat hulle wat wonders is. In elk geval het hulle geen aanduiding gegee dat hulle hul sommer so maklik aan die Ossewabrandwag se eise gaan onderwerp nie. Of hulle sal voortgaan om die O.B. so pragtig af te jak na mate die stryd ontwikkel — en besef word dat selfs 'n O.B.-stem tel — sal nog besien moet word. **Ons hoop hulle doen dit,** nie omdat die Malaniete se houding teenoor die O.B. juis van enige betekenis is nie, maar omdat dit tyd is dat iemand aan die Ossewabrandwagters toon dat ondanks hul ontwyfelbare vermoë om kwaad te doen, hulle in werklikheid niks anders as 'n groepie geestelik-onontwikkelde skoolseuns is nie. **Die beweging was nog altyd tot oor sy ore dood; hy kan miskien heeltemal doodgaan indien die Malaniete saamstaan met die res van die publiek om die O.B. op sy regte plek te sit, wat op die oomblik iets is tussen 'n oorlas en 'n grap."** Aldus die Empire-blad.

**Ons wil die vraag stel: Sal dr. Malan gehoor gee aan hierdie vleiende beroep van die Imperialis om die uitnodiging tot eenheid van die Ossewabrandwag te versmaai, en sal dr. Malan die uitnodiging van die Imperialis aanvaar om saam met „die res van die publiek" die Ossewabrandwag „op sy plek te sit"? Die volk wag op die keuse!**

### Prof. Du Plessis Hou Vergaderings

**Prof. L. J. du Plessis van Potchefstroom, leier van die O.B.-studielaers, en hoofgenl. J. H. Moolman sal vergaderings op die volgende plekke en datums toespreek.**

**BURGERSDORP, Vrydag, 16 April, 8-uur nm.**

**STEYNSBURG, Saterdag, 17 April, 8-uur nm.**

### TEEN WIE VEG HULLE?

Die H.N.P. se amptelike orgaan, Die Transvaler, plaas by wyse van uitsondering 'n advertensie van 'n O.B.-vergadering, maar in sy nuuskolomme waarsku hy twee keer agtereenvolgens sy lesers **om nie die vergadering by te woon nie.** Nie een van die H.N.P.-blaaie waarsku hul lesers om nie by die Jode te koop wie se advertensies hulle daeliks plaas nie.

**Teen wie veg hierdie politici dan — teen die kapitalistiese Jode of teen die republikeinse Ossewabrandwag?**

### UITWERKING VAN VOLK SE „ENIGSTE WAPEN"

„Opposisielede het die Minister verlede week gewaarsku teen verdoeseling van die lelike werklikheid van ons geldsake. Die Minister het natuurlik ontken dat hy verdoesel . . . In werklikheid was die Minister se hele repliek op 'n debat waarin veel opbouends gesê is, daarop ingerig **om te bewys dat almal wat wil sê dat soveel soos 'n tittel of jota van sy Begroting verkeerd is, louter twak praat."**—Die Burger, 12 Maart, oor die uitslag van al die pleidooie van Opposisiekant in verband met die Begroting.

Terwille van hierdie parlementêre „wapen" moet die republikeinse volksbeweging vernietig word!

## Grootraad Eis Herbewapening Met Oog op Kommunistiese Gevaar

Die houding van die Ossewabrandwag teenoor die kommunisme en die gevare wat dit meebring veral in 'n land soos Suid-Afrika met 'n heterogene bevolking waarvan 'n groot deel, nl. die kleurrasse, op 'n baie primitiewe peil van ontwikkeling staan, is by vriend en vyand nou reeds goed bekend. **Die feit dat die Regering nie bereid is om stappe te neem teen die kommunistiese propaganda nie en daar selfs 'n neiging bestaan om dit aan te moedig, toon 'n betreurenswaardige en gevaarlike onverantwoordelikheidsin teenoor die toekoms van alle bevolkingselemente en veral van die blanke beskawing. Reeds het die opruiing van die naturelle gelei tot opstootjies wat bloedig onderdruk moes word, en hierby sal dit ongetwyfeld nie bly nie.** Nie alleen word die eenvoudige naturel en kleurling op die wyse die slagoffer van gewetenlose propaganda nie, maar wat die saak nog meer onrusbarend maak is dat die blanke burgerlike bevolking intussen ontwapen is selfs op die afgeleë boereplase.

Bewus van sy verantwoordelikheid teenoor die volk en sy toekoms het die Grootraad van die Ossewabrandwag hom genoodsaak gevoel om die volgende verklaring uit te reik:—

**Die O.B. neem met besorgdheid kennis van die steeds aangroeiende en onbeteuelde kommunistiese gevaar in ons land wat dreig om die blanke beskawing hier te vernietig.**

**Die O.B. is diep onder die indruk van die feit dat die Regering aan die eenkant kommunistiese propaganda oogluikend toelaat, indien nie begunstig nie, selfs onder nie-blankes, terwyl aan die ander kant die burgerlike blanke bevolking, selfs op die platteland, deur ontwapening weerloos gemaak is.**

**Die O.B. eis derhalwe beveiliging van die blanke bevolking deur die onderdrukking van alle kommunistiese organisasies, of anders die reg vir die blanke burger om homself te herbewapen.**

### Uitspraak in Appèlsake

Die Vrystaatse Hooggeregshof het met meerderheid van twee teen een — regter E. M. de Beer in die minderheid — die appèl van 22 Jeugfrontoffisiere wat aangekla was dat hulle aan driloefeninge deelgeneem het, verwerp. Adv. P. J. van Blerk het namens die beskuldigdes opnuut appèl aangeteken.

Die appèl van D. R. de Klerk wat verlede jaar tot tronkstraf veroordeel is omdat hy geweier het om teen die 52 S.J.'s te getuig, het voor regters Maritz en Murray geslaag. Die Regters het bevind dat die skuldigbevinding van die magistraat op ontoelaatbare getuienis berus het.

### OUDTSHOORN SE BYDRAE

Die generaalskap van Oudtshoorn het by geleentheid van Vryheidsdag die bedrag van £300 ten bate van die Noodhulpfonds ingesamel.

## Viktimisasie van O.B. Lede

Toe die Regering alle staatsamptenare verbied het om lede te wees van die Ossewabrandwag, is, om moeilikhede te voorkom en sy aanhangers te beskerm, by wyse van 'n algemene bevel eervol ontslag gegee aan die baie duisende O.B.-lede in die staatsdiens deur die O.B.-leiding. Dieselfde het gebeur t.o.v. die werkers by die Spoorweë en Hawens. Die voorbeeld van die Regering en regeringsliggame is later gevolg deur die direksie van die Nasionale Pers, en opnuut is uit dieselfde oorwegings eervol ontslag gegee aan die bedreigde lede. **Hierdie verantwoordelikheidsin van die O.B. teenoor die volk en teenoor sy lede is blykbaar deur sommige vertolk as swakke toegeeflikheid, en daar is nou private sake-ondernemings en ander organisasies wat blykbaar meen dat viktimisasie van O.B.-lede en ampsdraers sonder gevaar kan geskied.**

Daarby het dit geblyk dat sommige mense wat eervol ontslag ontvang het (gelukkig is hulle getalle nie hoog nie) intussen vyandiggesind geword het, onderwyl hulle nog die eervol-ontslagkaartjie behou as 'n soort toekomsversekering.

Met die oog op bogenoemde verskynsels het die Grootraad op sy jongste vergadering besluit om sy standpunt dienaangaande duidelik te verklaar en te publiseer. Die verklaring lui:

In verband met die neiging wat deur sommige sake-ondernemings en organisasies geopenbaar word om O.B.-lede en ampsdraers te dreig met ontslag indien hulle nie as O.B.-lede en/of as ampsdraers bedank nie, verklaar die O.B. sy standpunt as volg:

(a) In die toekoms sal alleen onder buitengewone omstandighede eervol ontslag aan sy lede toegeken word.

(b) **Eervol ontslag is afhanklik van eervolle gedrag en handelwyse ook daarna,** en in alle gevalle waar hieraan nie voldoen word nie word O.B.-offisiersrade versoek om sulke gevalle in heroorweging te neem en verslag te doen aan hul hoofkwartier. In alle gevalle waar 'n vyandige gesindheid bewys word sal die eervol-ontslagbevel verander word in een van sumiere ontslag wat sal dateer vanaf die datum van die genoemde eervolle ontslag.

(c) Die O.B. wil hom nie inmeng in die interne aangeleenthede van private sake-ondernemings en van ander organisasies nie **maar wil waarsku dat in alle gevalle waar dit blyk dat daar deur hulle gediskrimineer word teen O.B.-lede of ampsdraers as sodanig, die O.B. verplig sal voel om sy houding teenoor sulke sake-ondernemings of organisasies in hersiening te neem.**

### Saak Teruggetrek Teen 52 S.J.-Offisiere

**Die hoogverraad-aanklag teen 52 S.J.-offisiere, wat nou reeds meer as 'n jaar sloer, is volgens berig in die pers deur die Prokureur-generaal van Transvaal teruggetrek. Sewe van hulle sal nou saam met twee ander persone voor 'n spesiale hof teregstaan op verskeie ander aanklagte.**

### JOHANNES OORLEDE

Johannes van der Walt is verlede Donderdag oorlede aan die wond wat hom dertien maande gelede deur die polisie toegedien is. Die misdaad wat hy gepleeg het was dat hy in besit van 'n ongelisensiëerde rewolwer was en uit gevangeskap ontsnap het.




Die O.B., Woensdag 31 Maart 1943.

# Vrug van Hul Beleid

Die plundertog van 'n troepe-trein vol kleurlingsoldate uit Kaapstad na die noorde oor die naweek van 21 Maart kan beskou word as 'n gevorderde simptoom van die dodelike aanslag wat vir die blanke bevolking van die Unie in voorbereiding is. Dit was geensins die hoogtepunt in 'n proses soos sommige koerante dit beskryf het nie; dit was slegs nog maar patrolliebedrywigheid in vergelyking met wat sekerlik nog gaan volg tensy die Afrikanerdom uit sy partypolitieke roes ontwaak en verhoed dat genl. Smuts voortgaan met sy onverantwoordelike beleid ten opsigte van die nie-blankes.

Die feite is kortliks dat die groep kleurlingsoldate Saterdagaand van Hugenoot-stasie af met hul aanrandings en verwoesting begin het en daarmee voortgegaan het tot Sondagmôre anderkant Laingsburg, ondanks die feit dat een van hulle op laasgenoemde stasie deur die polisie doodgeskiet en twee ander gewond is. **Vir 'n hele nag dus het die oproer voortgeduur en selfs toe 'n drastiese poging aangewend is om dit te stuit, het daar nog geen einde aan gekom nie.**

Nadat die Minister 'n paar weke gelede in die parlement 'n erkenning gedoen het dat daar ernstige onluste in 'n militêre kamp in Kimberley ontstaan het as gevolg van die gebrek aan dissipline by die Kaapse Kleurlingkorps, en nadat daar in die jongste tyd 'n aanhoudende stroom van berigte oor die wangedrag van die Empire se geuniformeerde nie-blankes in die pers verskyn het, staan die Regering nie alleen veroordeel deur die jongste gebeurtenis weens sy gebrek aan optrede nie, maar is dit vir die volk 'n vingerwysing van hoeveel beskerming hy kan verwag van die Empire-regering op die dag wanneer genl. Smuts sy belofte uitvoer om hierdie selfde kleurlinge op uitgebreide skaal te bewapen. So 'n vingerwysing was trouens heeltemal oorbodig, want dit is nie net 'n kwessie van gebrek aan daadwerklike beskerming by die Regering nie, dit is juis sy doelbewuste beleid. **Want het die Minister van Justisie dan nie onlangs amptelike erkenning aan die Kommunistiese Party verleen en onderneem om hierdie opruiers teen sy eie polisie in beskerming te neem nie? Het die Minister van Justisie dan nie onlangs persoonlik 'n naturelle-kommunistiese sekretaris uit die hande van die gereg geruk op dieselfde tyd toe 'n hoogleraar wat 'n bestryder van die kommunisme is, sonder verhoor in gevangeskap gestuur is nie? En het die Minister van Justisie dan nie reeds herhaaldemaal kleurlinge begenadig wat weens aanranding op konstabels tronkstraf opgelê is kragtens dieselfde noodregulasies waarvolgens blanke seuns na die tronk gestuur is omdat hulle die hand teen 'n kleurlingsoldaat opgelig het nie?**

So aanmoedigend het die Regering se eensydige ,,beskerming'' op die misdadige gees van sy beskermlinge gewerk dat 'n magistraat 'n week of meer gelede verplig was om op te merk: **,,Dit skyn of daar 'n toenemende neiging onder nie-blanke soldate is om te dink dat hul uniforms hulle teen die gevolge van enige wangedrag beskerm.''**

As ons die regspleging van die huidige Regering gadeslaan, vrees ons is dit nie net die nie-blankes wat die neiging toegedaan is om so te dink nie; ook ons kan tot geen ander gevolgtrekking kom nie as dat 'n uniform van die Britse Empire in staat is om beskerming te verleen selfs teen die land se geregshowe.

Genl. Smuts het hom taamlik ontsteld voorgedoen oor die afgelope plundertog omdat dit hom ,,in die skande gesteek het''. Ons is meer bekommerd oor die voortbestaan van die Afrikanervolk as oor die goeie naam van die Eerste Minister in sy militêre hoedanigheid. Daarom kan ons aan die hand doen dat nie net ondersoek na die besondere voorval ingestel en strawwe uitgemeet word nie, **maar dat die wortel van die hele moeilikheid verwyder**

(Vervolg op voet van kol. 2)

# BROKKIES UIT DIE BUITELAND

## Onenigheid by Bondgenote

Oor die verhouding tussen die Verenigde State en sy stamverwante Britse bondgenoot is heelwat kommentaar moontlik. Grootprateriigheid of ,,Yankee-brag'' is, volgens die populêre opvatting, nou eenmaal 'n nasionale eienskap van die volk wat hom hooggelukkig ag omdat hy ,,God's Own Country'' as sy vaderland het. Hierdie aanmatigende grootprateriigheid—en Yankeeland het geensins die uitsluitende kopiereg daaroor nie—is 'n afstootlike eienskap wat baie daartoe bydra om verhoudings tussen volke te vertroebel. Die nasionale eer is fyngevoelig en lig geraak.

Gedurende die huidige oorlog het vooraanstaande Amerikaners herhaaldelik baie snaakse uitlatings oor Brittanje en sy Empire gemaak. Nog snaakser is dit dat die Britse en Amerikaanse nuusagentskappe toegelaat word om dergelike uitlatings wêreldkundig te maak. Die woorde van Roosevelt se presidensiële teenstander, dat Amerika in die huidige oorlog nie veg vir die instandhouding van die Britse Empire nie, is nog vars in die geheue. Volgens Amerikaanse opvatting is die Empire nou wel baie groot en indrukwekkend maar net jammer dat dit so agterlik is.

Die Yankees is dus vrygewig met hul advies en inmenging in Indië en in die huishoudelike aangeleenthede van die Empire is dan ook geen uitsondering nie. Amerikaanse steunpunte op Britse kolonies, Amerikaanse verowering van Britse markte, luidkeels-aangekondigde Yankee-ambisies met betrekking tot oorsese handel en skeepvaart ten koste van Brittanje, dit alles maak seer seker geen aangename indruk in Downingstraat nie. As die Amerikaanse minister van marine nou verklaar dat sy vloot vir die vyf oseane voor die einde van 1945 in diens sal wees en dat hierdie vloot teen die einde van 1945 byna vier maal so sterk sal wees as aan die begin van die oorlog in 1939, dan wonder 'n mens wat die toekomstige rol van die Britse vloot gaan wees en of die tyd nie aangebreek het dat die Brit vaarwel aan sy bekende lied ,,Britannia rules the waves'' moet sê nie.

### Britse Reaksies

Amerika het in die loop van die huidige oorlog sy bondgenoot baie duidelik laat voel dat nie Brittanje nie maar die Verenigde State die senior vennoot is. Met knersende tande moes die Britse leeu die een vernedering na die ander neem. Af en toe was daar wel 'n geknor. So het Churchill 'n woord aan die Amerikaanse adres gerig dat hy nie eerste minister van Brittanje geword het met die doel om die Empire te likwideer nie. Onlangs weer het Stanley, minister van koloniale sake, verklaar dat die Britse regering daarvan oortuig is dat die administrasie van Britse kolonies die alleen-verantwoordelikheid van Groot-Brittanje moet bly. Ook William Hughes, 'n parlementêre leier in Australië, het 'n paar dae gelede verklaar dat hy die beweerde voorneme van die Verenigde state om (Britse) lugbasisse in die Stille Oseaan te verkry en te beheer . . . met 'n mate van ontsteltenis betrag.

Tussen bondgenote onderling is daar dus ruimskoots geleentheid vir wrywing en botsing. Dergelike botsings kan op heel verskillende gebiede voorkom. As 'n geniepsige kommunis onlangs verklaar het dat daar drie dinge, nl. bloed, wapens en tyd nodig is om die huidige oorlog te wen en dat die Sowjet-Unie die bloed, Amerika die wapens en Brittanje die tyd verskaf, dan is dit 'n aanduiding dat die oorlogsvoering self die vernaamste oorsaak van botsing tussen bondgenote kan

(Vervolg in kol. 3)

(Vervolg van kol. 1)

**moet word deur optrede teen die kommunistiese opstokers en herroeping van die begunstigingsbeleid wat veroorsaak dat daar ,,'n toenemende neiging onder nie-blanke soldate is om te dink dat hul uniforms hulle teen die gevolge van enige wangedrag beskerm'' — en dit kan gedoen word sonder die hulp van kommissies van ondersoek.**

# PROBEER H.N.P.-FRONT STIG SONDER O.B.?

## Sou Uitvlug Soek Teen K.G. se Foutlose Aanbod

Volgens gerugte wat in die omloop is, probeer die H.N.P.-leiding 'n wanhopige uitvlug soek in verband met die Ossewabrandwag se aanbod tot samewerking. **Die aanbod is so aanneemlik dat dr. Malan geen rede kan vind om dit van die hand te wys nie, met die gevolg dat hy en sy pers verkies om liewer geen melding daarvan te maak nie.**

Dr. Malan is deur die K.G. se onlangse toespraak voor die pertinente keuse gestel om òf saam te werk met sy mede-republikeine òf die verantwoordelikheid te dra dat hy die volksfront getorpedeer het. Dr. Malan probeer glo nou om die verantwoordelikheid te ontglip deur middel van 'n skynbeweging tot samewerking waardeur die Ossewabrandwag se aanbod toegetrap sal word. Die bedoeling is om 'n verkiesingsooreenkoms met die Afrikanerparty en die Nuwe Orde te probeer bewerkstellig **sonder om te voldoen aan die voorwaarde van die Ossewabrandwag dat die kandidate nie hul vyand in hul mede-republikeine moet sien nie.** Die H.N.P.-leiding wil naamlik volhard in sy eis dat kandidate in die eerste plaas anti-O.B. en eers in die tweede plaas anti-Brits moet wees. **Indien so 'n ooreenkoms bereik kan word, sal die H.N.P. dit oor die wêreld uitbasuin as 'n eenheidsfront, en indien die Ossewabrandwag dan sy samewerking weier op grond van die vyandiggesinde kandidate, sal hy voorgestel word as die skeurder!**

Die Ossewabrandwag het dit vroegtydig duidelik gestel dat sy enigste voorwaarde is dat kandidate konsekwent hul vyand in die Empire moet soek en nie in hul mede-republikeine nie. Dit is vanselfsprekend en enige poging om dit te veronagsaam is by voorbaat gedoem tot mislukking.

Dit wil voorkom of dr. Malan se onderhandelings met die ander twee groepe in werklikheid niks meer as 'n skynbeweging is nie. Die eise wat hy stel is so hoog dat dit op niks anders as omkoping neerkom nie, sodat geen eerbare man dit kan aanvaar nie. Dr. Malan sou naamlik aanbied om aan elke sittende lid van die A.P. en Nuwe Orde sy setel te waarborg mits hy sy groep-identiteit prysgee en hom deur die H.N.P. laat opneem. Hierdie eenheidspoging is dus net soos die berugte ,,nasionale komitee-voorstel'' van 'n jaar gelede nie bedoel om te slaag nie. **Sodra die mislukking voltooi is, sal die H.N.P.-leiding met groot basuingeklank aankondig dat hulle alles in hul vermoë gedoen het om eenheid te bewerkstellig, maar dat die ander groepe onwillig was om saam te werk.**

Van die Ossewabrandwag se billike voorstel wat reeds deur die Nuwe Orde formeel aanvaar is en ook ooreenstem met die beleid van die Afrikanerparty, sal die volk van H.N.P.-kant nooit iets verneem nie.

(Vervolg van vorige kolom)

wees. So verwyt die Sowjet-Unie vandag sy bondgenote dat hulle nog nie 'n tweede front in Wes-Europa gestig het nie terwyl Brittanje daarop kan wys dat daar 'n tyd was, na die val van Frankryk, toe hy alleen die Duitse aanvalle moes verduur.

Wrywing en botsing tussen bondgenote hoef nie noodwendig tot uitbarstings te voer nie. 'n Gemeenskaplike gevaar kan volke met die mees uiteenlopende belange tot bondgenote maak. 'n Gegriefde bondgenoot, soos Frankryk in die huidige oorlog, kan egter maklik omswaai en van bondgenoot tot vyand verander. 'n Verslaande bondgenoot is altyd 'n bron van gevaar vir sy vroeëre vriend. Onder die huidige grootmag-bondgenote van Brittanje is dit veral die Sowjet-Unie en Tsjoenking-China wat die meeste in hierdie oorlog gely het. Dit sal vir Hitler en Stalin nie maklik wees om mekaar om 'n vredestafel te ontmoet en 'n afsonderlike vrede te sluit nie. Hier sal dit waarskynlik 'n geval wees van end-uit baklei. Of dieselfde van Tsjoenking en die ander oorlogvoerendes gesê kan word, is 'n ander saak. Selfs die getrouste bondgenoot handel nooit op grond van onselfsugtige selfopoffering nie.

116 Takke 44,000 Lede

AVBOB

Reserwefonds £113,000

Hoofkantoor:

St. Johnstraat 65, BLOEMFONTEIN

Begrafnisse, Kiste, Kranse, Grafstene

Somers-PAKKE



HIERDIE seisoen sal u behoefte hê aan 'n deftige Somerspak. Waarom tweekeer soveel betaal vir 'n Snyerspak as ons u een aanbied teen slegs

£6-17-6

Die pakke is netjies afgewerk en die kwaliteit is van die beste. Verkrygbaar in Dubbel- en Enkelbors.

Silwerpleet Sigaretdose met die kaart van Suid-Afrika waarop die Voortrekkerpad aangedui word. 'n Pragtige geskenk; slegs 10/6 elk.

Uniewinkels

(Ko-operatief) Beperk

Geregistreer onder Wet No. 28 van 1922.

Posbus 909, PRETORIA.

BOERENDE BOERE EN STEDELIKE VERBRUIKERS

Sluit nader bymekaar aan.... Volkskoper Mark Bpk. lewer reeds maandelank uitstaande dienste in hierdie nuwe gees. *Stuur u vee en produkte aan u eie bemarkingsorganisasie.* As u ons eenmaal getoets het sal ons u steun blywend verwerf.

VOLKSKOPER MARK BPK.

Môremark Newtown

JOHANNESBURG

Foon 34-1442 Wolhuterstraat 62

# „Gee Ons Geleentheid om Julle te Ondersteun!" — Hoofgenl. Van Zyl

**'n Buitengewoon geesdriftige vergadering is Vrydagaand, 19 Maart, in die Hofmeyrsaal, Kaapstad, deur die Kommandant-generaal toegespreek. Die saal was veels te klein vir die opkoms sodat talle mense buite op die trappe moes staan. Vooraf is 'n kunstig vervaardigde tabakblikkie wat deur mnr. A. Vlok van Calvinia gemaak is, ten bate van die Noodhulpfonds opgeveil en onder die geesdriftigste mededinging is die bedrag van £24 ingesamel. Dit is daarop aan die K.G. oorhandig.**

Die vergadering is gehou onder voorsitterskap van komdt. De Villiers Truter, en is met gebed geopen deur genl. P. D. Rossouw. Die O.B.-blaasorkes onder leiding van veldkt. S. J. Swanepoel het die musiek verskaf.

Die Kommandant-generaal het 'n duidelike uiteensetting van die kommunisme en sy greep op Suid-Afrika gegee. Hy het aangetoon hoe die hoofkenmerke daarvan is dat dit anti-God, anti-volk en anti-vaderland is, aangesien dit 'n wêreldwye beweging van die proletariaat is. **Dit is presies die teenoorgestelde van die Ossewabrandwag wie se strewe in sy leuse vertolk word: My God, my Volk, my Land Suid-Afrika. Die Ossewabrandwag as buite-parlementêre volksbeweging is dan ook die enigste mag wat die kommunisme in Suid-Afrika kan beveg.**

Ten aansien van hierdie bedreiging het hy 'n beroep op die politieke leiers gedoen om mekaar voor die verkiesing te vind. As hulle reken die stembus is ons enigste wapen, moet hulle sorg dat die hele Afrikanerdom gaan stem deur 'n volksfront te stig. Dit sal die toets vir die partypolitiek wees. **Indien hy nie slaag nie, sal die stryd van binne die parlement na buite die parlement verplaas word en dan sal dit die Ossewabrandwag en die teruggekeerde soldaat wees wat die Nasionale Gesagstaat tot stand sal bring. Hierdie twee sal die bene wees van die toekomstige Gesagstaat.**

### GENL. VAN ZYL

Hoofgenl. dr. F. D. du Toit van Zyl het vooraf 'n toespraak gehou waarin hy die Ossewabrandwag se standpunt ten opsigte van die verkiesing uiteengesit het. Hy het beklemtoon dat die Volksbeweging afsydig staan van enige partypolitieke groepering, maar omdat hy belang stel in die breëre volkspolitiek, wil hy dat die verkiesing op die beste wyse gebruik moet word in belang van die volk.

Omdat die Ossewabrandwag belang net by volkseenheid, by die uitspraak van die volk oor die Empire, en by sy voortbestaan in die aangesig van die kommunistiese bedreiging, doen die Ossewabrandwag iets wat lewensgevaarlik vir hom is. Sy bestaan kan naamlik in die gedrang kom as hy hom as volksbeweging in die verkiesing begeef. **Maar omdat hy die bestaan van die volk hoër ag as sy eie bestaan, is hy gewillig om dit te doen.**

Sy standpunt behels twee groot beginsels, naamlik ten eerste dat 'n verkiesing die volk geleentheid gee om te demonstreer deur soos een man weg te bly en misnoeë in die demokrasie op die manier uit te spreek, of soos een man te gaan stem, al sou dit geen verandering van regering beteken nie — Engeland en Amerika sal dit naamlik nooit toelaat nie.

Spreker besef dat 'n verkiesing die lewe van 'n politieke party is, want partye slaap vyf jaar lank en met verkiesingstye word hulle weer tot die lewe gewek. Ons gun hulle daardie lewe, want hulle is besig om sonder ons toedoen dood te gaan. Daarom wil die Ossewabrandwag hulle in die verkiesing help, **maar dan eis hy dat hulle nie net aan hul eie bestaan moet dink nie, maar aan die volk se bestaan. Kom bymekaar en stel volkskandidate wat vir die hele Afrikanerdom aanneemlik is en bring 'n verenigde stem teen die Empire en die kommunisme uit! Dan sal die Ossewabrandwag die risiko neem om homself te verongeluk deur opdrag te gee aan sy lede om hul volle gewig in te werp by die verkiesing. Gee ons die geleentheid om julle te steun deur kandidate te stel wat nie die Ossewabrandwag se ondergang beoog nie maar die Empire s'n, het hy uitgeroep. As Smuts mense van verskillende oortuiging in belang van die Empire bymekaar kan hou, is daar dan geen Afrikanerleier wat die enersdenkende republikeinsgesindes in belang van die Republiek bymekaar kan bring nie? het genl. Van Zyl gevra. Die platvorm waarop ons mekaar kan vind is tog so groot as wat 'n mens ooit kan begeer!**

Die feit moet ook in aanmerking geneem word dat die Ossewabrandwag nooit afstand kan doen van sy eenheidsgedagte nie, sy strewe naamlik om die **hele** volk te dien en nie net 'n groep nie. Daarom sal hy nooit te vinde wees vir samewerking met 'n enkele party teen 'n ander nie. Al drie die republikeinse groepe moet saamwerk.

### DIE MIDDEL

Die tweede groot beginsel waarop die O.B. staan is dié van selfbehoud. Die Ossewabrandwag is nie bereid om sy eie laksman te word en selfmoord te pleeg nie, nie terwille van homself nie, maar terwille van die Afrikanervolk. **Want alleen deur middel van die Ossewabrandwag kan die omwenteling met welslae deurgevoer word.**

Op hierdie twee beginsels sal die Ossewabrandwag staan of val, verkiesing of geen verkiesing nie.

Aan die einde van die vergadering het genle. mev. J. S. du Toit die Kommandant-generaal lof toegeswaai. Sy het o.a. verwys na 'n erkenning in die parlement van die Minister van Justisie dat hy die K.G. verlede jaar onreg aangedoen het deur te verklaar dat hy verantwoordelik was vir die tronkregulasies waarkragtens gevangenes tans mishandel word. Die Minister van Justisie het nou erken dat hy verkeerd was en dat die regulasies nie deur dr. Van Rensburg opgestel was nie, maar slegs deur hom uitgevoer is, waarop spr. aangemerk het dat die K.G. nie Direkteur van Tronke was nie, maar Sekretaris van Justisie.

As die Minister van Justisie kan erken dat hy verkeerd was, wil spr. 'n beroep op dr. Malan doen om te erken dat hy reg was toe hy in 1941 gesê het dat hy vir die Ossewabrandwag nie 'n beter leier as dr. Hans van Rensburg kon gekies het nie.

# O.B.-LID UIT KOUKUS VAN H.N.P. GESKOP

## Verdere Vyandskap al Antwoord op Aanbod

Onderwyl die Ossewabrandwag besig is met 'n aanbod tot samewerking aan die H.N.P.-leiding waarvan die belangrikste voorwaarde is dat die H.N.P.-leiding dit vir die Ossewabrandwag **moontlik** moet maak om vir sy kandidate te stem deur kandidate te benoem wie se vernaamste taak dit is om die **Empire** te beveg en nie die Ossewabrandwag nie, het die Provinsiale koukus van die Party verlede week teen mnr. J. C. C. Minnie, 'n lid van die Ossewabrandwag, opgetree en hom die koukus belet.

Mnr. Minnie het nog steeds geweier om die Ossewabrandwag te bedank ondanks die druk wat op hom uitgeoefen is. **In Januarie het hy na die hoofkantoor van die Party gekom om te verneem of hy hom weer vir die Provinsiale Raad verkiesbaar kan stel in sy kiesafdeling Beaufort-Wes, maar hy is deur die sekretaris meegedeel dat hy nie goedgekeur sal word indien hy benoem word nie, tensy hy uit die Ossewabrandwag bedank.** Daarna is mnr. Minnie deur verskeie van sy kiesers genader om hom as onafhanklike kandidaat vir die Volksraad in daardie kiesafdeling verkiesbaar te stel. **Hy het egter nog steeds geweier om 'n definitiewe antwoord daarop te gee.**

Verlede week het die voorsitter van die koukus hom daaromtrent gevra en toe mnr. Minnie verklaar dat hy nog geen besluit geneem het nie, is hy by

(Vervolg op voet van kol. 3)

(Vervolg van vorige kolom)

wyse van 'n voorstel versoek om die koukus te verlaat. **Een lid van die koukus het betoog dat mnr. Minnie om geen ander rede uitgesit word nie as dat hy lid van die Ossewabrandwag is en hy het so 'n voorstel ingedien. Die koukus het egter verkies om die motief van hul optrede liewer te verdoesel deur dit te grond op die weiering van mnr. Minnie om te sê wat hy gaan doen. Hy is dus skuldig bevind en gestraf voordat hy 'n daad gedoen of selfs BESLUIT het om 'n daad te doen wat met die Party-leiding strydig sou wees!**

As in aanmerking geneem word die vervolging wat mnr. Minnie die afgelope tyd van Party-kant verduur het, is dit duidelik dat sy enigste oortreding is dat hy lid van die Volksbeweging is en weier om teen sy mede-republikeine te veg. In sy kiesafdeling is daar naamlik 'n reeks mosies van wantroue in hom georganiseer, en waar besef is dat geen wantrouemosie sou deurgaan nie, is georganiseer om Partylede weg te hou van sy vergaderings.

Ons het dus hier 'n toestand waar 'n lid van die H.N.P., teen wie daar so weinig gevind kon word dat hy nog nooit as lid geskors is nie, verbied is om hom weer verkiesbaar te stel in 'n verkiesing **net omdat hy weier om vyandskap teen die Ossewabrandwag te bely,** en as straf vir sy weiering is hy nou eindelik ook uit die koukus geskop.

**In sulke omstandighede verwag die H.N.P.-leiding die steun van die Ossewabrandwag in 'n verkiesing!**

# Die Arbeid en die Arbeidsverrigter

## (D.L. 4/43)

„Die **arbeid** aan die gemeenskaplik aanvaarde Suid-Afrikaanse **vaderlandsbodem** het 'n gunstige voorwaarde geskep vir die ondertrouing en eenwording van Nederlandse, Franse en Duitse nedersetters aan die Kaap, waardeur die Afrikanervolk as 'n aparte ras met sy eie besondere **bloed**-samestelling en eie taak en roeping ontstaan en ontwikkel het."

In die vorige Dienslaerstukke het ons reeds gewys op die plig van elke volksgenoot om sy/haar vaderlandsbodem te bewaar en te verryk sodat die „erwe van ons vaders die erwe van ons kinders bly", en om ons bloed suiwer en gesond te hou en te verbeter. Ons gaan vervolgens aandag gee aan die plig wat op elke volksgenoot rus om getroue arbeid in diens van die volk te verrig.

Om 'n duideliker begrip te kry van die standpunt van die Ossewabrandwag, die nuwe gesindheid, ten opsigte van die **Arbeid,** sal ons eers die liberalisties-kapitalistiese en die kommunistiese arbeidsbeskouing kortliks outleed.

Aangesien die liberalisme veral die klem lê op die sogenaamde „vryheid van die mens," is elkeen onder hierdie stelsel natuurlik vry om te werk waar, hoe en wanneer hy wil, maar natuurlik ook net so vry om sonder werk te wees. In die huidige **kapitalistiese stelsel,** wat in die liberalisme wortel, is die arbeid 'n blote handelsartikel waarvan die prys deur die skommelings van vraag en aanbod op die arbeidsmark bepaal word.

Die kapitalis stel alleen belang in die arbeid en nie in die mens self nie; in soverre hy wel aan die arbeider aandag gee, is dit bloot terwille van die arbeid self. Vir die kapitalis gaan dit slegs om die hoogs moontlike winste en hy skroom nie om sy werkers terwille van winste uit te buit nie. Hy is vry om alles uit sy werkers te pers, want as hulle gebreek is, is daar ander wat hy in hul plek kan aanstel. Die wins kom eerste en dan die mens. Hoeveel volksgenote het nie al met hierdie naakte waarheid aan die eie lyf kennis gemaak nie?

Die kapitalisme beskou die arbeid in die eerste plaas as 'n bron van winste vir die kapitalis en in die tweede plaas as 'n broodwinning vir die arbeider. Volgens hierdie stelsel hoef die mens nie adel langs die weg van pligsgetroue arbeid te verwerf nie; hy kan dit met geld verkry. Omdat die pa nie weet wat om met sy geld te maak nie, word die kind in luilekkerland gebore en as 'n luiaard na die graf gedra, sonder om ooit die heerlikheid van die arbeid te gesmaak het. Ook is die arbeid, volgens hierdie stelsel, nie wesentlik volksdiens nie. Daarom skroom die kapitalis nie om arbeid in stryd met die volk se belange aan te wend nie, solank dit maar winste afwerp, bv. vir hondewedrenne of die vervaardiging van verdowingsmiddels.

Onder die kapitalistiese stelsel het die woord „arbeider" 'n klassebegrip geword en dui veral nywerheidswerkers en ander handewerkers aan, wie se belang as klas dan direk in botsing met die belange van die werkgewersklas sou wees. Daarom word die werkgewers en werknemers afsonderlik georganiseer, elkeen vir die beskerming van sy eie besondere belange. Ons tref gevolglik gedurige botsing aan tussen werkersvakbonde en werkgewersorganisasies, en in hierdie onderlinge stryd word waardevolle volkskragte nutteloos verspil.

Met die vasstelling van die vergoeding van die werker, hou die kapitalis net rekening met die arbeid wat verrig word en nie ook met die verpligtings van die werker as lid van 'n gesin en as lid van 'n volk nie. Daarom word die moeder van 'n gesin dikwels genoodsaak om ook te gaan werk om die inkomste van die gesin aan te vul. Dit veroorsaak dat al meer en meer huwelike kinderloos is, of as daar wel kinders is, hulle nie die aandag kry wat hulle nodig het nie. Dink maar aan die agteruitgang van die gesinslewe van ons volk.

Omdat eiebelang vir die kapitalis vóór volksbelang gaan, maak dit vir hom ook nie saak as die vreemdeling die brood uit die mond van die volkslid kom neem, of as die blankes aan die genadelose mededinging van goedkoop nie-blanke arbeid blootgestel word nie. Vir hom geld alleen die arbeid en nie die arbeider self nie, en hoe goedkoper die arbeid verkry kan word, hoe

(Vervolg op bls. 4)

VOLKSKAS

GEE: 3½% Rente op Vaste Deposito's vir twee jaar.

3% Rente op Vaste Deposito's vir 12 maande.

2½% Rente op Beleggingssertifikate — opvorderbaar met 3 maande kennisgewing.

2% Rente op Spaarrekeninge.

**Volkskas (Koöp.) Bpk.**
(Opgerig kragtens die Koöperatiewe Wet)

Hoofkantoor:
**Volkskas-gebou, Sentraalstraat, PRETORIA.**

ARBEIDSAAMHEID

**Die Volk se Bank.**

*Ten spyte*
van omstandighede, kry u nog steeds 'n besondere deftige verskeidenheid

**Damesuitrusting**

by

Steyns

PAROW

DIE MODERNE DAMES-MODISTE

(Vervolg van bls. 3, kol. 4)

groter die winste. Daarom word vakmanne uit die buiteland ingevoer terwyl duisende van ons landsseuns smag na 'n geleentheid om in een of ander beroep bekwaam te word. Daarom word nie-blankes in diens geneem terwyl blankes werkloos aan genadebrood oorgelewer word, tensy hulle bereid is om teen dieselfde loon as die nie-blanke te gaan werk.

Die **kommunisme** bou voort op die klassebotsing van die kapitalisme, in die geloof dat die arbeidersklas, die proletariaat, in hierdie stryd tussen werkgewers en werknemers as die oorwinnaar te voorskyn sal tree, om dan hul raslose en kleurlose werkersrepublieke in die lewe te roep. Daarby verklaar die kommuniste openlik dat hulle in die miljoene nie-blankes die belangrikste gedeelte van die proletariaat van hierdie land sien. M.a.w. die kommunistiese republieke in Suid-Afrika sal niks anders as Kafferrepublieke wees nie.

Vir die Afrikaner faal die kommunisme dus daarin dat dit net 'n oog het vir die arbeidersklas en geensins rekening hou met die baie ander skeppende kragte in die volkslewe nie, en dat dit nie die bloed in die are van die arbeider en die kleur van sy vel raaksien nie. Neem hierby ook die anti-christelike en anti-nasionale gees van die stelsel in aanmerking.

Teenoor hierdie kapitalistiese en kommunistiese arbeidsbeskouings, is **die standpunt van die O.B. as volksbeweging ten opsigte van die arbeid dat die mens alleen langs die weg van dei arbeid waaragtige adel kan verwerf, dat die huisgesin alleen langs die weg van die arbeid versorg en selfstandig gemaak kan word en dat ons volk alleen langs die weg van die vrugbare en skeppende arbeid tot werklike grootheid gebring kan word.** In die volgende besprekings sal ons nagaan watter nuwe gesindheid en beleid ten opsigte van die arbeidsverrigter en die arbeid self uit hierdie standpunt voortvloei.


O.B.-MUSIEKBUNDEL

'n Volk sonder sang . . .
is 'n volk sonder siel!!

Elke Brandwag behoort die O.B. MUSIEKBUNDEL te besit, die liedere te leer en te sing.

Die jongste bevel van die Grootraad is dat iedere lid die „Ossewabrandwaglied" moet leer en sing by alle O.B.-geleenthede!!

Hierdie Bundel bevat 22 pragtige komposisies met woorde, passend vir alle byeenkomste, vrolik sowel as plegtig.

Prys 2/6 Posvry

3/6 insluitend 'n pragtige portret van ons Kommandant-Generaal.

BESTEL NOU ! !

O.B.-HOOFKWARTIER

Posbus 8576, JOHANNESBURG.

MARKAGENTSKAP

Vroeë Môre-Mark

KAAPSTAD

BETALING GESKIED ONMIDDELLIK, WEEKLIKS, MAANDELIKS OF SOOS VERLANG.

BESTE HEERSENDE PRYSE.

MINNAAR & VAN SCHOOR

Eienaar: GUSTAV RETIEF.

Telefoon 2-6212.

Maak Kennis met die

Nuwe Volkspele

Opgestel deur Hester Morrison
(MEV. W. VAN HUYSSTEEN)

Met Musiek en Liedjies
(grondgedigte) deur

M. L. de Villiers

Komponis van
„Die Stem van Suid-Afrika."

*Hierdie Nuwe Volkspele is met groot sukses uitgevoer by geleentheid van die onlangse Volkspelekursus te Stellenbosch en die Oos-Kaaplandse kursus te Aliwal Noord.*

Prys 4/3 posvry

Bestel by die uitgewers,
PRO ECCLESIA-DRUKKERY
Posbus 28, Stellenbosch
of by u Boekhandelaar.

BELÊ U GELD

waar dit van

$3\frac{1}{2}$% tot 5%

rente kan verdien.
Raadpleeg dadelik u

EIE VOLKSBANK

SPOORBONDKAS BEPERK

Posbus 8289, Johannesburg.
Takke oor die hele Unie.

Voeg DIE DAAD by DIE WOORD

Rook Patriot

MEUBELS

PRYSE STYG VINNIG.

KOOP NOU!

ONS HOU ALLEENLIK GOEIE KWALITEIT MEUBELS IN VOORRAAD.

Werda Meubelhandelaars
(Eiendoms.) Beperk.

Groote Kerkgebou, KAAPSTAD.

Posbus 210. Foon 2-6806.

Vir 'n Suksesvolle Loopbaan

Studie met behulp van die beproefde lesings van die Helpmekaar Korrespondensie Kollege is die beste en goedkoopste manier om u sukses in die lewe te verseker.

MEER AS 200 KURSUSSE

Die Helpmekaar is die enigste suiwer opvoedkundige Afrikaanse Korrespondensie Kollege in Suid-Afrika.

Reeds meer as 16,000 Studente het met behulp van ons lesings sukses behaal. Ook U kan dit doen.

Pos die Koepon nog vandag
.. vir gratis besonderhede

Die Besturende Direkteur,
Helpmekaar Korrespondensie Kollege,
Posbus 3512, Voortrekkergebou,
JOHANNESBURG.

Stuur my asseblief besonderhede omtrent u korrespondensie Kursusse.

Ek stel belang in ........................

Naam........................................

Adres........................................

(O.B. 31 Maart 1943)............................

Besturende Direkteur: Dr. H. G. Luttig, M.A. (S.-A.), D.Litt. et Phil. (Leiden).
Mede-Direkteure: J. H. Greijbe (voors.), S. N. van Vuuren, P. Joubert, P. J. v. Z. Hattingh, A. C. v. W. Stroh.

Helpmekaar

KORRESPONDENSIE KOLLEGE

Voortrekkergebou 310, Hoekstraat 18,

JOHANNESBURG

Posbus 3512 Foon 22-3512

VAN ZYL, BOSMAN EN VAN ZYL
(EDMS.) BPK.

Kerksaal-Gebou ∴ Voortrekkerweg



MAITLAND



Boere!!

*Eindelik die oplossing om stabiele pryse te kry:*

Stuur u vee aan ons—die firma wat alleen per graad en gewig daeliks bemark

*Skryf vir besonderhede en permitte.*

Posbus 22. Foon 5-2370. Telegramme: GEWIG.

MAITLAND.



*Geklassifiseerde Advertensies*

TE KOOP

KAROO KRAALMIS. — Vry gelewer in Natal stasies; 32/- per ton van 12 sakke. Monsters kan op aanvraag gestuur word. K.M.B. Skryf aan: C. J. Lourens, Kerkplein, Prieska.

EERSTEKLAS tafelaartappels, asook 'n hoeveelheid moere. Almal Arran Chief. Gelewer op George-stasie teen 9/- per sak. K.M.B. Bestel van: H. G. Terblanche, Morgenson, P.K. Molendrift, George.

KAROO BOK-KRAALMIS. Vry gelewer na Middellandse distrikte, O.V.S. en Natal stasies. 32/6 per ton van 12 sakke. K.M.B. 37/6 per ton van 12 nuwe sakke, K.M.B. Bestel vroegtydig en wees verseker van aflewering. Onmiddellike aandag word geskenk. Ref. Volkskas, Port Elizabeth. J. A. Schoeman, P.S. Grootfontein, Somerset-Oos.

STERK, gewortelde Angelier plantjies: Regina, Rex, Pioneer, Corona, Salmon Regina, Idaho Beauty 3/6 dosyn, 10/- 100. Lorraine 21/- dosyn; Rooi Regina 21/- dosyn; Dairy Maid 5/- dosyn; 25/- 100. K.M.B. Posvry Unie. Bogemelde soorte het groot dubbel blomme met lang stengels. Thos. Dunn, Posbus 51, Tzaneen.

TAFELAARTAPPELS. — Beste kwaliteit tafelaartappels, 12/6 per sak 153 lbs. V.O.S. Bethlehem. Tevredenheid gewaarborg. S. W. Rabie, Kommandant, Bethlehem.

UIESAAD. — Eersteklas uiesaad teen 7/6 per pond, gelewer Uniondale-Busstasie. Die volgende soorte: Vroeë Kaapse Plat Geel, Kaapse Strooi, Australiese Bruin en Spaanse Bruin. Koop regstreeks van die Kweker en kyk of u dan teleurgestel sal wees. Gert van Rooyen, Dwarsfontein, Uniondale.

UIESAAD. — Harde Kaapse Geeluiesaad, 7/- posvry. Bestel vroegtydig. Voorrade beperk. M. J. Calitz, Vlakteplaas, Oudtshoorn.

DRUIWE UIT HEKSVALLEI: Koop direk van die boer. Terme:— 2/9 per 10lb. platkissie; Bestellings van 5 of meer 2/3 elk. Vry op spoor Sandhills-stasie; Kontant met bestelling. Druiwe beskikbaar tot 15 Mei. T. J. de Villiers, P.K. Sandhills-stasie, K.P.

TAFELAARTAPPELS. — Goeie kwaliteit teen 11/6 per sak. Arran Chief moere, eiergrootte, reg om te plant teen 9/6 per sak en okkerneutgrootte teen 7/6 per sak — K.M.B. of K.B.A. — gelewer Groot Brakrivier-stasie. Wilcocks Terblanche, Groot Sorgfontein, Groot Brakrivier.

SAAD-AARTAPPELS. — Mooi Arran Chief okkerneut- en eiergroot moere te koop teen 10/-. Kontant met bestelling. Op Kleinbrak-stasie gelewer. Thinus Terblanche, Dagbreek, Gonnakraal.

O.B. HOU KOERS!!!

GEVRA

VRIENDELIKE Afrikaner-dame van omtrent 25 jaar, om behulpsaam te wees met algemene huiswerk in 'n klein huisgesin. 'n Gekleurde is in diens. Salaris £3 per maand. Resente getuigskrifte van ondervinding is wenslik. Meld wanneer dienste aanvaar kan word. Appliseer by mev. M. Smuts, Middagkrans, Franschhoek, Kaapland.

BENODIG

TWEE spanne kar-donkies. Reuns, groot en fris. Volle besonderhede aan: J. H. Ries, Gerust, P.K. Zuinguin. Enige inligting sal welkom wees.

BASAAR

Die Parow Manne- en Vroue-Kommando's hou 'n basaar by die huis van Komdt. Geldenhuys, Wynnestraat 13, Saterdag, 3 April 1943, om 3 n.m. Opbrengs vir die O.B.-Noodhulpfonds.

KAFEE

VIR smaaklike etes, flinke bediening en netheid, besoek D. F. du Toit se Kafee, Soutrivier-Mark.

HERHOLDT SE BOOMKWEKERYE
Posbus 660 — Johannesburg

GENIET u eie vrugte. Pluk dit van Herholdt se beroemde VRUGTEBOME; vroeg en laat soorte. Beantwoord in alle dele van die UNIE sowel as elders. Sierbome, Struike, Rose, ens. Bestel nou en voorkom teleurstelling!! Katalogus gratis.

DE KOCK se GARAGES

Voortrekkerstraat, MIDDELBURG, Transvaal. Herefordstraat, GROBLERSDAL, Transvaal.

Eienaar: D. D. DE KOCK

Agente vir Pontiac en G.M. Vragmotors

*TOT U DIENS!*

V.M.K. AANBEVEEL.


Uitgegee deur Voorslag (Edms.) Beperk, Kamer 916, Groote Kerkgebou, Adderleystraat, Kaapstad, en gedruk deur Pro Ecclesia-Drukkery, Die Laan, Stellenbosch.